

**Donderdag 19 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 20:19-25**

**Fokusgedeelte: Johannes 20:21 (OAV)**

### **Die groot opdrag**

Dit is Jesus se eerste verskyning aan sy dissipels op die dag van sy opstanding. Dit was ná sy verskyning aan die Emmausgangers wat waarskynlik ook daar teenwoordig was. Tomas was afwesig. Uit vrees vir die Joodse leiers was hulle agter geslote deure. Dan skielik staan die opgestane Jesus in hulle midde met die groet “Vrede vir julle”. Vrede wat alle vrees ver-dryf. Uit Jesus se mond het hierdie bekende groetwoord nou nuwe betekenis. Deur sy krag as Seun van God en ná sy opstanding en voltooide versoenings-werk is sy groetwoord nou ’n voltooide werklikheid. Dit is die uiteindelijke betekenis van sy Middelaarswerk dat ons nou volkome vrede met God het (Rom. 5:1).

In ons teksvers word die woorde herhaal. Nou is dit nie meer net ’n groetwoord nie, maar eerder ’n afskeidswoord vir hulle uitstuur die wêreld in. Hulle word bemoedig en versterk met die vrug van Christus se Middelaarswerk. Hoewel die vrede wat Hy gee buite onself in Hom en sy versoeningswerk vasgeanker is, moet dit ook ons eiendom word. Ons moet dit deur die geloof toe-eien en daaruit lewe. Daarom is dit ook vir ons nodig dat dit weer gesê moet word – herhaaldelik, ons lewe lank. Daar is só oneindig baie dinge wat dreig om ons die vrede te ontnem. Die vrede van Christus word ook die boodskap waarmee ons gestuur word. Dit is ’n oorweldigende opdrag met ’n oorweldigende verantwoordelikheid. In sy hoëpriesterlike gebed het Jesus vir sy dissipels voorbidding gedoen en gebid: “Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur” (Joh. 17:18). Nou rig Hy die opdrag direk aan die dissipels: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Nadat hulle vroeër gevlug het, word hulle nou weer in ere herstel. Die beloftes van vrede en toerusting word vervul. Ons hoef niemand te vrees nie. Ons mag ook nie huiwer nie. God wat roep, skenk ook die vrede en die volle toerusting aan alle gelowiges vir hulle verhewe roeping om getuies te wees van Christus tot aan die einde van die wêreld.

*Sing: Skrifberyming 41:1, 4, 5 (1936)*

*Ds. SA Cilliers (Waterberg)*